Tradisionele Boeremusiekklub van Suid-Afrika
Posbus 55549
Arcadia
0007
19 Mei 2000

Nuusbrief 2/2000

Geagte lid,

Stadig maar seker loop die tyd aan - hier is die volgende nuusbrief vir Mei-maand alweer in wording en dit is amper aan die einde van 'n baie nat en koelerige Maart-maand. Voor ons mooi besef waar die tyd heen geloop het, het dit tyd geword om te begin Kersfees geskenke te koop ! In hierdie nuusbrief mag daar vir sommige van ons lede teleurstellende nuus wees, daar mag goeie nuus wees, of daar mag sommer net algemene nuus wees - hoe dit ook al sy, ons hoop en vertrou dat u dit sal aanvaar soos dit geskryf staan.

1 **OORLEDE :** Dit is met leedwese dat ons die afsterwe van die volgende lede bekendmaak :

a. Mnr B.C. Pienaar, Posbus 2634, Bronkhorstspruit
b. Mnr W.L. Greyvenstein, Posbus 613, Koppies
c. Mnr At Enslin, Posbus 387, Douglas 8370 (30 April 2000)

Ons bid die gesinne sterkte toe vir die toekoms en ons hoop en vertrou dat hulle die nodige krag en sterkte van Bo sal ontvang om voort te gaan.

2. **POS TERUG :**

Die volgende lede se pos het teruggekom - indien u ons kan help met hul nuwe adresse, skakel gerus met ons :

a. Mnr B.J. Ludeke, Posbus 48357, Hercules 0030 (Posbus gesluit)
b. Mnr N.P. (Nico) van Wyk, Posbus 912-254, Silverton 0127 (Posbus gesluit)

3. **KORTER :** U het ook seker net lekker begin lees, toe u op bladsy vier kom en u merk op dat dit (die lekker lees) eindig onderaan die bladsy ! Wel, dit bewys net weereens wat ons lede se terugvoer (briewe) aan die nuusbrief kan doen. Ek moes een of twee briewe oorhou, want ek wou nie nog 'n vel papier net op die een kant laat druk nie - wou geld spaar !

4. **DEBIETORDERS :** Die volgende is spesiaal vir TBK lede wat debietorders geteken het. Met ingang van onmiddellik (toe u hierdie nuusbrief oopgemaak het!) gaan dié lede se debietorders wat NIE deurgaan nie (met ander woorde die TBK het geen geld ontvang nie), gekanselleer word. Ek het in die verlede kennisgewings aan lede gestuur, maar tot vandag toe nog geen antwoord daarop gekry nie, dus sal die kennisgewings ook nie meer gestuur word as u nie voorsiening daarvoor gemaak het nie. Moet ons asb nie kwalik neem as u ses maande later uitvind u het nog nie 'n CD vir u debietorder gekry nie - en intussen is u debietorder gekanselleer. Maak asb seker dat u voorsiening maak vir die bedrag wat u laat instel het en maak ook seker dat die aftrekking wel elke maand op u bankstaat verskyn .

5. **ALGEMENE INLIGTING AAN LEDE:**

(a) **Ledegeld** : Nee, u het verkeerde gedagtes gekry toe u die woord *ledegeld* sien ! Ons gaan NIE die ledegeld verhoog nie ! Ons het besluit om die **Persoonlike Inligting** strokies vanjaar saam met hierdie nuusbrief te stuur, net om te probeer bepaal of die reaksie van ons lede, wie se ledegeld agterstallig is, beter sal wees as in die verlede toe ons die strokies saam met die 3de nuusbrief gestuur het. Ons wil net vir ons lede daarop wys dat die vorm 'n nuwe stukkie inligting vra, naamlik u **E-pos adres**. Neem asb kennis van my e-pos adres : Tom Adams - **tomtbksa@mweb.co.za** - ek maak gewoonlik my posbus op Maandae en Vrydae leeg.

Soos dit maar die afgelope paar jaar die "gewoonte" was, sal ons hierdie jaar ook +-112 lede moet afskryf as "dooie hout" - met ander woorde, +-112 lede se ledegeld is op hierdie stadium vir meer as twee jaar agterstallig. Die totale ledegeld agterstallig soos op 3 Maart 2000, was die verbasende bedrag van +R22,750-00 - dit sluit nou lede in wie ledegeld vir een en twee jaar agterstallig is - dan word daar nog vrae gevra soos "Hoekom word daar so min CD's per jaar gemaak?" - die antwoord lê in die bedrag so pas genoem.

Met ingang van 01 Desember 2000 gaan al dié lede wie se ledegeld langer as 18 (agtien) maande agterstallig is, van die ledelys afgehaal gaan word, want dit het nou, finansieel (as gevolg van die verhoging van die posgeld na R1-30 vir 'n gewone brief) 'n groot las op die klub se skouers geplaas. Op hierdie stadium is daar 112 lede wat hier ter sprake is. So, as u nie nuusbrief Nr 3/2000 en die Vastrapper ontvang nie, dan moet u onthou dat daar 'n probleem met u ledegeld was. In die verlede het ons nog op die Persoonlike Inligting vorms aangedui dat 'n lid bv. vir 2 jaar agterstallig is met sy/haar ledegeld en dan het ons daardie lede gedurende Julie van die DERDE jaar (net voor die AJV) eers van ons lys afgehaal, maar 95% van daardie lede het ook sommer net verdwyn, want sy/haar pos kom terug, gemerk "Vertrek / Onbekend / Posbus gesluit".

Ons hoop en vertrou dat u begrip vir hierdie besluit sal hê en dat dié lede met agterstallige ledegeld (sien u ingeslote **Persoonlike Inligting** strokie) ASB u ledegeld op datum sal bring. U kan dit pos aan : TBK van SA, Posbus 13556, Sinoville 0129 of TBK van SA, Posbus 55549, Arcadia 0007 of u kan dit by enige TBK byeenkoms betaal - maak asb vir uself 'n afskrif van die tjek/posorder wat u pos EN hou asb die kwitansie wat u ontvang op 'n veilige plek. Die jaarlikse ledegeld is nog steeds (na +-6 jaar) nog net R40-00 per jaar - AS daar 'n verhoging kom, sal ons u wel lank voor die tyd in kennis stel.

Onthou, die TBK het 'n debietorder stelsel waardeur u u ledegeld of R10-00 per kwartaal (elke drie maande), of R20-00 per halfjaar (elke ses maande) of R40-00 per jaar kan betaal. Dan het die klub ook 'n stelsel waar u x-bedrag per maand betaal en dan u x-aantal laserskywe (CD's) per jaar ontvang.

Alhoewel daar meningsverskille t.o.v. die debietorder stelsel, hang die sukses daarvan volkome af van die insteller. As u seker maak dat daar op die dag van die trekking, hetsy dit maandeliks, kwartaalliks, halfjaarliks of jaarliks is, genoeg fondse beskikbaar is vir die trekking deur Multidata, kan en sal daar geen probleme opduik nie.

Hou asb in gedagte dat die sluitingsdatum vir die debietorders is +- die 20ste van elke maand - met ander woorde as u "n debietorder vir die volgende maand (bv. Julie) wil instel, moet u asb seker maak dat dit by my **VOOR** die 20ste Junie uitkom, want ek moet die verwerking(s) doen en die inligting voor die 22ste van elke maand na Multidata, Johannesburg stuur - hou maar die flink posdiens in gedagte !. U kan die aansoekvorm vir 'n debietorder by dieselfde adresse waarheen u u ledegeld stuur of by TBK byeenkomste inhandig. Indien u enige navrae, veranderings (bv. kansellasie, verhoging, vermindering of verandering van die trekkingsdatum of bankbesonderhede ens.) het, skakel my asb so gou as moontlik by (012) 651-3700 of stuur **E-pos** na **tomtbksa@mweb.co.za** . Op die oomblik het ons 158 lede wat van die debietorderstelsel gebruik maak.

Hier is 'n lys van die verskillende debietorder stelsels wat tans beskikbaar is :

a. Teen **R10-00 per maand** vir een jaar, is u ledegeld (R40-00) vir die jaar betaal EN u ontvang **een nuwe** laserskyf (CD),
b. Teen **R15-00 per maand** vir een jaar, is u ledegeld (R40-00) vir die jaar betaal EN u ontvang **twee nuwe** laserskywe,
c. Teen **R20-00 per maand** vir een jaar, is u ledegeld (R40-00) vir die jaar betaal EN u ontvang **drie nuwe** laserskywe,
d. Teen **R25-00 per maand** vir een jaar, is u ledegeld (R40-00) vir die jaar betaal EN u ontvang **vier nuwe** laserskywe,
e. Teen **R40-00 per jaar** word slegs u ledegeld vir die jaar betaal - onthou die kwartaallikse of die halfjaarlikse aftrekkings.

INDIEN U WEL VAN DIE DEBIETORDERSTELSEL WIL GEBRUK MAAK, MAAK ASSEBLIEF SEKER DAT U BESONDERHEDE KORREK INGEVUL IS (bv. U VAN, EERSTE NAAM EN VERDERE VOORLETTERS, POSADRES, DIE BANK TAKKODE, NAAM VAN BANK, PLEK WAAR BANK IS, U REKENINGNOMMER ENS. ENS.

(b) Brief aan orkes leiers/lede en musikante : Die volgende brief is reeds aan bekende TBM orkesleiers gestuur en word hier herhaal vir al die musikante en toekomstige orkes leiers en musikante :

"Op die laaste vergadering van die TBK-hoofbestuur, was daar een saak wat veral sterk na vore gekom het en dit was naamlik die toenemende gebruik van sekere elektriese instrumente en ander toebehore, soos bv. die plastiese plektron (speelpennetjie) op ritmekitare ens. deur sommige orkeste by TBK-funksies. Die plektron kan wel vir die speel van banjos, kitaarpiek, mandoliens en ukeleles gebruik word.

Dit (die gebruik van die plektron) is strydig met die Grondwet en reëls van die TBK en dit gee baie liefhebbers van egte tradisionele boëremusiek aanstoot. Diegene laat geen gras onder hulle voete groei om ons daarmee te konfronteer nie.

Sou die Hoofbestuur nie daaroor waak nie, sal ons ons plig versuim en kan ons maar net sowel ontbind. Vir ons is tradisionele boeremusiek egter 'n kosbare erfenis wat ons graag in alle opsigte wil beskerm, behou en uitbou.

U weet veranderings is aan die orde van die dag. Of dit altyd verbeterings is, daaroor kan 'n groot vraagteken geplaas word. Wat egter 'n feit is, is dat sekere tradisies, norme en kultuur erfenisse nie verander kan word nie, want dan kry jy 'n vermenging wat nie meer aan die oorspronklike reg laat geskied nie en moet die woord "tradisioneel" heeltemal verwyder word. Kontemporêre of Hedendaagse boeremusiek sou dan miskien 'n beter benaming gewees het. Dit is soos wanneer jy diere of mense vermeng en jy kry 'n nageslag wat vir geeneen 'n trots sal wees nie, want alles het sy egtheid verloor. Die Hoofbestuur wil dus graag 'n beroep op u as orkesleiers/lede doen om aandag aand die saak te skenk en ons op die afskeurstrokie hieronder van u besluit te verwittig of u die Grondwet van die TBK gaan eerbiedig en of u wil voortgaan om elektriese instrumente en ander toebehore, ens. te gebruik.

Ons vertrou dat u dit nie as 'n haarklowery of aanval op u sal beskou nie, maar eerder as 'n vriendelike beroep op u vir samewerking om ons tradisionele boeremusiek ongeskonde te bewaar. Ons verneem graag, so spoedig moontlik, van u. (Geteken : Peet van Staden : Nasionale Voorsitter : TBK van SA)

6. GESOEK : Jimmy Mac Donald van Bloemfontein is op soek na 'n 4-ry konsertina (hy het nou nie gespesifiseer watter soort nie) - indien u vir Jimmy kan help, skakel hom gerus na ure by (051) 451-1530.

7. **BRIEWE VAN LEDE :**

a. **Sias Erasmus van Claremont, Pretoria** : Dagsê aan al die boeremusiek liefhebbers van die TBK van Suid-Afrika ! Ek het dit uiteindelik reggekry om 'n brief te skryf oor my ervaring van boeremusiek saamtrekke. Die lekkerste van almal is die Parys naweek, gereël deur Peet van Staden en sy mense. Baie dankie Peet. Dis na my ongeluk wat ek daar gehad het nog steeds frustrerend om 'n jaar te wag vir die volgende saamtrek in Oktober !

Ek wil ook baie dankie sê aan almal wat my gehelp het die ongeluk, asook almal wat vir my gebid het. Dit word opreg waardeer. Ek het myself belowe ek sal nooit weer op 'n "foefie slide" ry nie ! Maar die hospitaalmense was so gaaf om vir my 'n stuk ketting met 'n pyp bokant my bed vas te maak sodat ek kan oefen ! Die hart operasie was ook 'n sukses en ek is weer aan die gang. Vir die Pretoria-tak baie dankie vir die ruiker wat ek ontvang het (Jammer dit was nie 'n biltong ruiker nie ! - net vir die humor !). Ek wil ook 'n versoek rig aan die lede van die Pretoria-tak om asb die byeenkomste te ondersteun. Baie dankie en boeremusiek groetnis. (*Dankie vir al die dankies, Sias ! Jy het die 4de Maart jou baie goed van jou taak gekwyt - stortreen of te nie ! Red.)*

b. **Mev A. Muller van Koppies :** Wat 'n wonder om elke dag nog die ou lewe te kan geniet. Ons kry reen en dit is te lekker - die wêreld is vanmore so skoon en mooi buite. Eerstens, baie dankie vir die verjaardagkaartjie wat ek ontvang het - dit was die eerste een wat ek ontvang het.

Dan wil ek vir sê van die 18de Maart se naweek - ek het my verjaardag toe gehou. Dit was 'n verjaardag wat ek nooit sal vergeet nie. Weet jy, byna die hele gewese Oudag se mense was hier en Danie Grey en sy orkes, asook oom Jan Vosloo, Peet van Staden, oom Nap Brits en sy kleinseun Eric. Ek sal vir jou sê die manne het gespeel - hulle was partymaal tien wat saam gespeel het ! Dit was musiek uit die boonste rakke. Jy weet toe ek hulle genooi het, het ek gedink dis verspot - die mense sal nie so ver ry vir 'n verjaardag nie, maar hulle was wragtig almal hier - party het eers Sondagoggend gery !

Ek wil net deur hierdie brief vir hulle almal wat hier was en ook almal wat so lekker gespeel het, sê Baie Dankie - dit was 'n groot eer en voorreg om julle hier te hê. Baie dankie ook vir die liefde en geskenke wat ek ontvang het. Die stoor staan oop en julle is welkom om dit te gebruik wanneer julle wil. Baie dankie Peet vir jou gelukwense en opening met al jou grappies. Dit was lekker. Baie groete aan almal en dankie vir almal se groot werk om die TBK so aan die gang te hou. *(Baie dankie vir die "verslag" wat Tannie ingestuur het. Ek kon ongelukkig nie daar wees nie, want ons moes ons nuutste kleinseun gaan "welkom heet" . Volgende keer sal ek daar wees! Red.)*

c. **Oom Hannes Burke van Bedelia, Welkom :** Baie dankie vir die nuusbrief wat ek ontvang het. Mnr H.C. Cloete (Seun) van Piet Plessis se brief verwys. Ek het 50 jaar gelede my boere-matriek daar geskryf en daar groot geword. Die familie plaas is daar naby geleë. Toe ek die naam van die plek sien, het baie heimweë my beet gepak en het ek besluit om dadelik te skryf. Kan Seun Cloete my asb kontak by 082 952 1758 - ek sal dit waardeer. (*Oom Hannes, daar bly nog een van ons klub lede op 'n plaas buite Piet Plessis - hy is Vossie (party mense noem hom Manne) en Hannatjie Vorster - sy broer is ook op 'n plaas daar naby. Ek het 'n jaar of drie gelede by hulle gekuier met die grondboontjie skoonmaak tyd. Dit was nogal lekker gewees. Red)*

d. **Mev L. van Staden van Middelburg :** Baie dankie vir verjaardagkaartjie - dit doen my hart sommer goed om te weet dat daar nog vriende is wat aan my dink. Nogmaals baie dankie vir u vriendelikheid en bedagsaamheid. Mag die TBK nog van krag tot krag gaan en baie dankie ook vir julle harde werk.

8. **NUUS VAN ONS TAKKE :**

a. **Pretoria-tak :** Ons eerste byeenkoms vanjaar was op die 4de Maart in die skoolsaal van Hoërskool F.H. Odendaal. Ons was vol hoop dat hierdie nuwe bymekaarkomplek van die Pretoria-tak baie suksesvol sal wees, want volgens die kenners is dit meer sentraal geleë. Dit was 'n bedompige warm agtermiddag toe die komiteelede die saal betree het, waar dit aanvanklik lekker koel was, totdat die deure en vensters oopgemaak is ! Die sweet het behoorlik geloop toe ons teen 15:00 klaar uitgepak, reggepak, opgemaak en opgestel het. Toe kom die groot wag - vir dié wat gebel en gesê het "ons sal vroeg daar wees, want ons sien al lankuit uit na 'n lekker dans". Bitter min het opgedaag - die rede ? Seker maar die rugby. Dit is so jammer dat ons juis op hierdie aand so 'n teleurstellende opkoms moes ervaar - 'n mens kan wel vra of dit wel die rugby was, of was daar alreeds lank gelede "skade" aangerig deur 'n persoon/persone wie se druiwe suur geword het ? Maar nouja, daaroor sal ons ook kom. 'n Mens wonder net soms of die lede werklik besef wat dit alles behels om 'n byeenkoms aan te bied - die organisasie, reëlings, telefoon-oproepe, faks boodskappe stuur ens. ens. wat gedoen moet word en dan word die tak so "ondersteun" as dit by die dag van die byeenkoms kom. Ek vra maar net.

Die musieke van die Mooiplaas orkes o.l.v. oom Jan Botes, die Lekker Kêrels Boereorkes o.l.v. Gert Jooste en die baie bekende styl van speel op die Engelse en Boere konsertinas deur Stephaan van Zyl, het die aanwesiges groot plesier verskaf. Afgesien van die wolk wat oor die skoolterrein gebreek het, kon daar darem nog 'n bietjie gebraai word !

b. **Bloemfontein-tak :** So stadig maar seker bekruip die winter ons hier in die Rosestad. Wat ons tradisionele musiek aan betref, gaan dit nog voor die wind. Die funksie van 26 Februarie was 'n reuse sukses, waaroor daar nog lank gepraat sal word. Intussen het die horlosie aangestap en is ons tweede funksie van 29 April ook geskiedenis. Dit was dan ook ons AJV waartydens Jasper Vlok en sy bestuur weer eenparig herkies is. Ons sê dan vir Jasper baie geluk hiermee. Gideon du Plessis het vir Jasper gelukgewens met die wyse waarop die afgelope jaar se verrigtinge verloop het. Dankie Gideon - ons is bly as julle dit geniet en ons waardeer jou mooi woorde.
Die aand het 'n redelike opkoms gelewer as in ag geneem word dat dit 'n langnaweek was en dat daar baie rugby was en dat die weer uiters sleg was. Die reen het letterlik in emmers vol neergegiet en dit is hier waar Louis Kotze, Frans en Nico van Straaten gewys het dat hulle nog steeds braaivleis kan optower al is die weer ook hoe erg ! Ek dink dit was welgedaan.

Die musiek was uit die boonste rakke met die Transvalers Gert Jooste en Stephaan van Zyl en hul musikante wat die vloer vol gehou het tot laat toe.

Ons is jammer om te verneem van At Enslin wat vir so baie kom vergas het met sy mondfluitjie hier in Bloemfontein en ons harte gaan uit na sy naasbestaandes en ons wil sê ons deel julle verlies en ons innige simpatie. Groete tot volgende keer. *(Baie dankie vir jou bydrae, Jimmy, dit word waardeer - dit help darem om die nuusbrief so effens langer te maak !. Red.)*

c. **Goudveld-tak :** Op 1 April het die Goudveld-tak sy tweede byeenkoms van die jaar gehou. Soos die vorige byeenkoms, was hierdie byeenkoms ook 'n groot sukses. Daar is lekker om die braaivleisvure gekuier en die orkeste het pragtige musiek gemaak - toe die laaste nommer gespeel was, was die dansvloer steeds vol en was dit jammer dat so 'n aand ook tot 'n einde moes kom.

Die bestuur het besluit om met elke byeenkoms vanjaar 'n tema te hê. Met ons temas probeer ons gebruik maak van dit wat in die natuur beskikbaar is. Met ons laaste byeenkoms was die tema "mielies". Die tafels was met mieliekoppe versier en die verhoog met mielieplante. Die "spot danse" was 'n sakkie mieliemeel en 'n bondel van twaalf groen mielies. Die musikante het ook groen mielies saam met hul ete geniet.

Die Goudveld-tak streef daarna om vanjaar se eie volle orkes op die been te bring. Op die oomblik het ons ses musikante en almal is van die Goudveld, wat dit vir ons baie maklik maak om gereeld te oefen. Die orkes het op die byeenkoms van 1 April opgetree - op daardie stadium was dit net vier musikante, maar intussen het nog twee musikante bygekom. Die orkes het hom, onder omstandighede, goed van sy taak gekwyt.

Die plaaslike radiostasie in die Goudveld, Radio Panorama, is die Goudveld-tak baie goedgesind. Peet van Staden, nasionale voorsitter van die TBK, en myself bied elke tweede Saterdag van die maand 'n program oor tradisionele boeremusiek van ongeveer 30 minute oor Radio Panorama aan - as omstandighede dit toelaat. Van tyd tot tyd word daar deur die tak berigte in al vier die plaaslike koerante geplaas. Volle besonderhede oor die volgende byeenkoms sal ook hierin vermeld word.

Met die aankoop van ons klankstel 'n jaar gelede, het die hoof-tak aan ons 'n bedrag geld voorgeskiet. Ons tak was in die bevoorregte posisie om hierdie bedrag onlangs ten volle terug te betaal. Daar is nog 'n bedrag geld wat deur iemand aan ons voorgeskiet is wat vereffen moet word en ons hoop om dit in die nabye toekoms te vereffen.

Die Goudveld-tak is in die gelukkige posisie om vanjaar 'n komitee te hê wat uit sy pad gaan om die belange van die TBK te bevorder. Dit is 'n voorreg om saam met sulke mense 'n taak aan te pak en deur te voer. Hiermee wil ek dankie sê aan elkeen vir sy of haar bydrae wat meegehelp het om die tak te bring tot waar dit vandag staan. Boeremusiekgroete. *(Ons is baie bly om te hoor dat dit so goed gaan met die Goudveldtak - hou tog maar net jul oë en ore oop vir die ongewenste elemente wat mag probeer om 'n stok in die wiel te steek ! Hou so aan, Hennie. Rd.)*

So het ons dan weer aan die einde gekom van nog 'n nuusbrief - die tweede vir 2000 en ons loop al weer na Junie maand se kant toe - nog een nuusbrief vir die begin/middel van Augustus, dan kyk ons alweer uit vir die Vastrapper van oom Piet Bester. Onthou, as u stories, advertensies, artikels, te ruil, te koop of iets in dien voge het, stuur dit asb vir oom Piet by Posbus 529, Ladanna 0704 - dit is glad nie te vroeg vir die Vastrapper nie - oom Piet wil probeer om dit voor die einde van November klaar gedruk te hê sodat ons dit kan pos voor die skole sluit vir die Desember vakansie. Ons hoop en sien uit na meer briewe van ons lede se kant af, sodat ons ook hul menings/klagtes/advertensies/informasie/inligting ens. ens. met al ons ander lede kan deel.

Ons groet almal van huis tot huis en mag dit goed gaan met u almal tot ons mekaar weer "ontmoet" in die volgende nuusbrief !

Beste wense en tradisionele boeremusiek groetnis.

T.E. Adams (T.E. Adams : Voorsitter : Pretoria-tak van die TBK van S.A.)